

Jesaja 3:1-4:6: Heilig en luisterryk in die HERE se teenwoordigheid

In ons stukkende verhouding met die Heer,
soek ons ons vertroue op ander plekke en dink ons is veilig.
God gaan Sy eer herstel en daarom 'n oorblyfsel heilig,
wat weer in Sy teenwoordigheid kan wees en Hom eer.

Santie het Jesaja 3:1-4:6 vir ons so uitgebeeld:



Ek het hierdie gedeelte in Jesaja behandel in 'n video – luister gerus daarna op <https://totueer.blog/video/bundel-k-jesaja-dag-4-weergawe-2/>

Jesaja is in die oorspronklike taal in digvorm, so op die volgende bladyse het ek dit berym sodat jy ietsie kan ervaar van hoe die oorspronklike lesers dit ervaar het.

Dag 4: Heilig en luisterryk in die HERE se teenwoordigheid (Jes 3:1-4:6)

Beryming:

Ja, kyk, die HERE, Heerser oor alle stryder,
gaan uit Juda elke stut en steun verwyder:
alle steun op water, en op brood te ete
op helde en krygsmanne, regters en profete,

(Jes 3:1-2)

wat steun op oudstes en die wat voorspel,
op aanvoerders wat se manne vyftig tel,
en manne van aansien, raadgewers,
ervare towenaars en kundige besweerders.

(Jes 3:2-3)

“Jong manne hulle sal in bevel wees;
kwaadwilliges sal oor hulle heers.

(Jes 3:4)

Om mekaar te vertrap, die mense se wens -
die een die ander, elkeen sy medemens.
'n Jong man sal 'n ou man aanval,
en 'n nikswerd 'n geëerde laat val.

(Jes 3:5)

As 'n man sy familielid vasvat
in die huis van sy vader en sê dat,
'Jy het 'n oorkleed, jy moet ons leier wees;
hierdie puinhoop sal onder jou beheer wees,'

(Jes 3:6)

sal hy op daardie dag teenstribbel en weier,
'Ek kan nie genees, en in my huis is niks te eet
Ek het ook geen oorkleed.

Julle mag my nie aanstel oor mense as leier.'

(Jes 3:7)

Want Jerusalem en Juda het geval tot laag.
Hulle tonge en hulle dade
was teen die HERE gerig, ten kwade,
om sy blik, wat eerbied inboesem, uit te daag.

(Jes 3:8)

Hulle vooroordeel getuig dat hulle skuldig staan
Soos Sodom is hulle sonde bekend - so sleg,
en steek hulle dit nie weg.

Wee hulle! Want hulle doen hulleself kwaad
aan.

(Jes 3:9)

Die Bybelteks uit die 2020 vertaling:

3 1 Ja, kyk, die HERE, die Heer, Heerser oor alle
magte,
gaan uit Jerusalem en Juda elke stut en steun
verwyder:

alle steun op brood, en alle steun op water,
2 op helde en krygsmanne, regters en profete,
voorspellers en oudstes,

3 op aanvoerders van vyftig
en manne van aansien, raadgewers,
ervare towenaars en kundige besweerders.

4 Die HERE sê: “Ek maak jong manne hulle
bevelvoerders;

kwaadwilliges sal oor hulle heers.

5 Die mense sal mekaar vertrap –
die een die ander, elkeen sy medemens.

'n Jong man sal 'n ou man aanval,
en 'n nikswerd 'n geëerde.

6 As 'n man sy familielid vasgryp
in die huis van sy vader en sê, '
Jy het 'n oorkleed, jy moet ons gesagvoerder
wees;

hierdie puinhoop sal onder jou beheer wees,'

7 sal hy op daardie dag teenstribbel en sê,
'Ek is nie 'n geneser nie, en in my huis is geen
brood en geen oorkleed nie.

Julle mag my nie aanstel as gesagvoerder oor
mense nie.'

8 Want Jerusalem het gestruik, en Juda het
geval.

Hulle tonge en hulle dade
was teen die HERE gerig,
om sy blik, wat eerbied inboesem,
uit te daag.

9 Hulle vooroordeel getuig teen hulle;
en hulle sonde – soos Sodom maak hulle dit
bekend,

en steek dit nie weg nie.

Wee hulle! Want hulle doen hulleself kwaad
aan.

Beryming:

“Sê vir die regverdiges dit sal goed gaan,
want die vrug van hulle daade sal hulle geniet.
Wee die goddeloses! Dit sal sleg gaan;
want die vrug van hul hande word hul
verdriet.

(Jes 3:10-11)

My volk – hulle word verdruk met geweld,
Die wat oor hulle heers eis geld.
My volk, jou leiers lei jou dat jy dwaal;
die rigting van jou paaie kry hul nie bepaal.

(Jes 3:12)

Die HERE het sy plek ingeneem
om in die hofstryd deel te neem.
Hy staan gereed om mense te oordeel.
Die HERE kom sy klag meedeel,
teen die oudstes van sy volk
en om dit teen hulle aanvoerders te tolk:

(Jes 3:13-14)

“Julle het self die wingerd afgewei.
Die magtelose se goed is in julle huise te kry.
Wat gaan met julle aan? Julle vertrap my
kroos,
julle vergruis die gesigte van die magteloos.”

(Jes 3:14-15)

Dit is die uitspraak van my Heer,
die HERE, Heerser oor alle magte en leër.

(Jes 3:15)

“Omdat die vroue van Sion hovaardig is,” sê
die Heer,
“en met uitgestrekte nek rondloop vir eie
eer,
en met verleidelike oë al trippelend wegstap,
met ringe wat klingelend aan hulle enkels
kap,
sal my Heer die vroue wat in Sion was
se skedels met skurfte aantass;
die HERE sal hulle voorhoofde ontbloot.”

(Jes 3:16-17)

Die Bybelteks uit die 2020 vertaling:

10 “Sê vir die regverdiges dat dit goed sal gaan,
want die vrug van hulle daade sal hulle geniet.
11 Wee die goddeloses! Dit sal sleg gaan;
want wat hulle hande aangerig het,
sal aan hulle gedoen word.

12 My volk – sy verdrukkers is geweldenaars,
skuldeisers heers oor hulle.
My volk, jou leiers lei jou op 'n dwaalweg;
oor die rigting van jou paaie is hulle in die war.”

13 Die HERE het sy plek ingeneem
vir die hofstryd;
Hy staan gereed om mense te oordeel.
14 Die HERE kom met 'n klag
teen die oudstes van sy volk
en teen hulle aanvoerders:

“Julle het self die wingerd afgewei.
Wat geroof is van die magtelose, is in julle
huise.
15 Wat gaan met julle aan? Julle vertrap my
volk,
julle vergruis die gesigte van magteloses.”
Dit is die uitspraak van my Heer,
die HERE, Heerser oor alle magte.

16 Die HERE sê: “Omdat die vroue van Sion
hovaardig is,
met uitgestrekte nek rondloop,
en met verleidelike oë al trippelend
wegstap,
met ringe wat klingel aan hulle enkels,

17 sal my Heer die vroue van Sion
se skedels met skurfte aantass;
die HERE sal hulle voorhoofde ontbloot.”

Beryming:

Op daardie dag sal my Heer
hulle die versierings laat verbeur:

Die enkelringe en enkelkettinkies,
sonnetjies en halfmaantjies,
die sluiers en armbande,
lyfserpe en kopbande,
die oorbelle en neusringe,
reukflesse en amulettinge,
die handsakkies en skouermantel,
feesklere, en ander mantel,
die klere deurskynend en half kaal,
linnhemde, tulbande en sjaal.

(Jes 3:18-23)

In plaas van die geur van spesery
sal jy stank by die vroue kry,
in plaas van 'n gordel, 'n tou,
in plaas van haarlokke 'n kaalkop vrou,
in plaas van deftige klere, 'n roukleed,
in plaas van skoonheid, 'n brandmerk, wreed.

(Jes 3:24)

Sion, jou manne - deur die swaard sal hulle
val,
jou sterk manne in die oorlog in groot getal.
Sion se ingange sal weeklaag en treur,
gestroop van mense, bring sy dit sittend op die
grond deur.

(Jes 3:25-26)

Op daardie dag sal sewe vroue
een man vasgryp en vra:
"Ons eie brood sal ons eet vir ons behoue
en ons eie klere sal ons dra,
noem net jou naam oor ons vir reg;
neem ons bespotting weg!"

(Jes 4:1)

Die Bybelteks uit die 2020 vertaling:

*18 Op daardie dag sal my Heer
die versierings wegneem:*

*die enkelringe,
sonnetjies en halfmaantjies,
19 die oorbelle, armbande en sluiers,
20 die kopbande, enkelkettings en lyfserpe,
die reukflesse, amulette,
21 ringe en neusringe,
22 die feesklere, mantels,
skouermantels en handsakkies,
23 die deurskynende klere,
linnhemde, tulbande en sjaals.*

*24 In plaas van die geur van speserye
sal daar stank wees,
in plaas van 'n gordel 'n tou,
in plaas van haarlokke 'n kaal kop,
in plaas van deftige klere, 'n roukleed,
in plaas van skoonheid 'n brandmerk.*

*25 Jou manne, Sion –
deur die swaard sal hulle val,
jou sterk manne in die oorlog.
26 Sion se ingange sal weeklaag en treur,
kaalgestroop van mense,
sal sy op die grond sit.*

*4 1 Op daardie dag sal sewe vroue
een man vasgryp en sê:
"Ons eie brood sal ons eet
en ons eie klere sal ons dra,
laat jou naam net oor ons genoem word;
neem ons bespotting weg!"*

Beryming:

Op daardie dag sal die loot van Hom,
pragtig en luisterryk wees;
en die opbrengs sal die trots en roem wees
van dié Israëliete wat ontkom.

(Jes 4:2)

Dié wat oorbly in Sion, veilig
wat agtergelaat word in Jerusalem,
sal genoem word: heilig,
almal wat vir die lewe opgeskryf is in
Jerusalem.

(Jes 4:3)

4 As my Heer die vuilheid van die vroue
afgewas,
en na die bloedskuld van Jerusalem
weggespoel was,
deur 'n gees wat die oordeel gee
en 'n gees wat wegvee,

(Jes 4:4)

5 sal die HERE oor die Sionsgebied van die
berg
die byeenkoms bedags met 'n wolk verberg,
en snags rook en vuurvlamme se glans.
Ja, alles luisterryk, sal 'n gewelf verskans.

(Jes 4:5)

'n Takskerm bring dit bedags mee
teen die hitte as skaduwee,
'n skuilplek en beskutting teen
stortbuie en reën.

(Jes 4:5-6)

Die Bybelteks uit die 2020 vertaling:

*2 Op daardie dag sal die loot van die HERE
pragtig en luisterryk wees;
en die opbrengs van die land sal die trots
en roem wees
van dié Israëliete wat ontkom het.*

*3 Dié wat oorbly in Sion,
wat agtergelaat word in Jerusalem,
sal heilig genoem word,
almal wat vir die lewe opgeskryf is in Jerusalem.*

*4 As my Heer die vuilheid van die vroue van
Sion afgewas,
en die bloedskuld van Jerusalem uit haar
midde weggespoel het,
deur 'n gees wat oordeel
en 'n gees wat wegvee,
5 sal die HERE oor die hele gebied van die
berg Sion*

*en oor die byeenkoms by Sion bedags 'n
wolk skep,
en snags rook en die glans van
vuurvlamme.*

*Ja, oor alles wat luisterryk is, sal dit 'n
gewelf vorm.*

*6 'n Takskerm sal dit bedags wees
as skaduwee teen die hitte,
en 'n skuilplek en beskutting teen
stortbuie en reën.*